

## Die Here se seën (OP39)

Num 6:22-27

9 Mei 2021

Vandag wil ek hê dat ons stilstaan by die seën wat vir ons beskryf is in Num 6:22-27. Hierdie seën word dikwels die priesterlike seën genoem, aangesien Aäron en sy seuns die volk hiervolgens moes seën, maar soos ons netnou sal sien, kom die seën natuurlik van die Here self af. Hierdie seën word dikwels gebruik wanneer 'n erediens afgesluit word – en persoonlik dink ek dit is gepas en reg. Die gevaar is egter dat ons die woorde uit ons kop ken en waarskynlik met min moeite kan herhaal, maar dink ons nog en staan ons nog verwonderd voor die diep en verreikende inhou van hierdie seën? Ek wil die seën oordink onder die volgende drie hoofpunte:

- Wie word geseën?
- Wie seën?
- Wat is die inhoud van die seën?

### Wie word geseën? (vs 23 en 27)

In 'n sekere sin is die antwoord op hierdie vraag eenvoudig: die Israeliete – beide verse 23 en 27 sê tog so. Maar daar is meer waaroor ons moet dink:

Kom ons herinner onself aan die konteks waarbinne hierdie seën gegee word. Tot dusver het ons in Numeri die volgende gesien: Aan die begin van die boek het ons gelees hoe die volk en ook die Leviete getel is. Verder het die Here duidelike voorskrifte gegee waarvolgens die kamp ingerig moes word, en ook voorskrifte waarvolgens die volk moes trek. Vanaf Num 5 het ons gesien hoedat die Here sekere opdragte gee aan die volk: Hulle moet die onreines uit die kamp verwyder, hulle moet sake van onderlinge benadeling aanspreek en regstel, hulle moet sake van agterdog voor die Here bring en opklaar, en ook moet persone wat die nasireërsbelofte aflê dit met erns doen. Dit alles was voorskrifte wat aangedui het dat die volk rein is, dat hulle anders is as die ander nasies. Hierna volg die opdrag dat die volk geseën moet word.

Kom ons kyk ook vlugtig na wat volg hierna: In Num 7 lees ons van offergawes wat vir die tabernakel gebring is, Num 8 beskryf die versorging van die lampe in die tabernakel, asook die reiniging van die Leviete, Num 9 beskryf die pasga wat gevier is, asook dat die Here se teenwoordigheid die tabernakel gevul het, en in Num 10 word die silwertrompette beskryf – en ook dat die Israeliete vertrek van Sinai af. Tot hier aan die einde van Num 6, was die fokus dat die volk hulle moes reinig van onrein persone en praktyke. Vanaf Num 7 tot hulle vertrek is die fokus op hulle diens in die tabernakel, en dus aanbidding van die Here.

Lees Lev 10:10. Hier leer ons daar is drie grade van “heiligheid”: (1) Iemand kan onrein wees – wel, so iemand moes uit die kamp verwyder word. (2) As jy egter rein was, kon jy in die kamp woon – maar daar was steeds 'n afstand tussen jou en die tabernakel. (3) Dan is daar die Leviete en die priesters wat aan die Here gewy was, hulle kon wel in die tabernakel diens doen. Onthou, die tabernakel is heilig, want dit is die woonplek van die drie maal heilige God.

Wie is dit wat geseën word hier in Num 6? Dit is die Israeliete, m.a.w. dit is persone wat in die kamp woon. Hulle is dus rein – die onreines moes tog uit die kamp gestuur word in Num 5. Boonop het hulle onrein situasies in hulle midde aangespreek. Maar let ook op: hulle woon nog op 'n afstand van die tabernakel. En hulle is deur die priesters geseën, wat wel in die tabernakel diens mog doen. Die punt is dit: die Israeliete was rein, maar nie volmaak heilig nie.

Kom ons dink aan gelowiges: Gelowiges is mense wat tot bekering gekom het. Hulle het hulle bewustelik afgesonder van die wêreld. In Ou Testamentiese taal kan ons sê hulle is rein. Dis tog wat die Nuwe Testament ons leer: wanneer jy jou bekeer en tot geloof kom, word jy regverdig verklaar. Jy word skoon gewas deur die bloed van Jesus. Maar dit beteken nie jy is volmaak heilig nie – ja, ek weet die Bybel noem gelowiges “heiliges”, maar dan word bedoel hulle is afgesonder vir die Here (hulle is in die kamp), maar hulle is steeds op die pad van heiligmaking, hulle word soos wat tyd verloop, steeds meer en meer heilig. Dit is eers met hulle heerlikmaking, dat hulle volmaak heilig sal wees. Dit is aan hierdie mense wat hierdie seën gegee word: die wat reeds geregverdig, wat op die pad van heiligmaking is, en wat eventueel volmaak heilig sal wees. Hierdie seën is dus vir gelowiges in hierdie lewe.

Daar is nog ‘n punt wat ons moet raaksien: In vers 23 en 27 word gesê hulle moet die Israeliete seën, “deur vir hulle te sê” en “Ek sal hulle seën” – telkens word die meervoud gebruik, bedoelende die hele volk in die kamp. Maar in verse 24-26 waar die detail van die seën gegee word, word telkens “jou” gebruik – m.a.w. enkelvoud. (Opmerking: die NAV het dit ongelukkig nie akkuraat vertaal nie). Die punt is dit: die seën word beloof aan die hele volk, dan seën die Here die individu, en so word die hele volk geseën. As jy ‘n ware gelowige is, kan jy verwag dat die Here jou persoonlik sal seën volgens hierdie seën, en dit sal tot seën wees van die deel van die liggaam van Christus waarvan jy deel is. Netso sal jy ook geseënd wees deur God se seën op ander lede van daardie deel van Sy liggaam.

#### Wie seën? (vs 22-27)

In verse 22-23 is dit duidelik dat die opdrag vir die seën van die Here afkom. Ja, dit is Aäron en die priesters wat die volk moet seën, maar die Here gee aan hulle die opdrag om dit te doen. Verder is dit ook in verse 24-26 duidelik wanneer die detail van die seën beskryf word, dat die Here die Een is wat die seën bring. En vers 27 bevestig dit as die Here sê: “en Ek sal hulle seën”.

Let ook op, dit is die HERE wat seën, m.a.w. dit is Jahwe, die Verbondsgod. Dit is Hy wat aan Abraham beloof het om vir hom ‘n God te wees, om aan Hom ‘n groot nageslag te gee, asook die beloofde land. Dit is Hy wat hulle ‘n groot volk in Egipte gemaak het, dit is Hy wat hulle sopas laat tel het en vir hulle gewys het hulle is ‘n groot volk, dit is Hy wat hulle alreeds vanuit Egipte tot by Sinai gebring het, dit is Hy wat hulle daar geleer het hoe Hy wil hê hulle moet lewe – en dit is Hy wat hulle nou wil seën waar hulle op die punt is om te vertrek om die land wat Hy vir hulle beloof het, te gaan inneem.

Let ook daarop, die Here neem die inisiatief. Hy beveel Moses om vir Aäron en sy seuns te sê hulle moet die volk seën. Moses het nie gevra hiervoor nie, ook nie Aäron of sy seuns nie, en ook nie die volk nie. Die Here gee die opdrag Aäron en sy seuns moet die volk gaan seën. Dieselfde kosbare beginsel geld natuurlik vir ons as gelowiges. Die Here seën Sy kinders uit eie inisiatief. Hy is nie onwillig om dit te doen nie – Hy doen dit omdat Hy dit wil doen. Lees Deut 7:7-8. Die Here sê daar is twee redes hoekom Hy soveel bemoeienis met die volk maak: Hy is lief vir hulle, en Hy hou Hom aan Sy verbondsbloftes. Dit is natuurlik steeds geldig: Die Here seën Sy gelowige kinders omdat Hy vir hulle lief is, en omdat Hy Hom aan Sy verbondsbloftes hou – daarom is dit juis die Verbondsgod wat hier seën.

#### Wat is die inhoud van die seën? (vs 24-27)

Kan ek eers drie algemene opmerkings maak voor ons na die detail van die seën self kyk:

- In die meeste vertalings lees ons: “Die Here sal jou seën...”, “Die Here sal Sy aangesig oor jou laat skyn...” en “Die Here sal Sy aangesig oor jou verhef...”. Dit geld vir die OAV, NAV, NIV, ESV, KJV en New Revised Standard. Die DAV vertaal dit egter: “Mag die Here jou seën...”, “Mag die Here Sy aangesig oor jou laat skyn...” en “Mag die Here Sy aangesig na jou toe oplik...”. Die meeste vertalings beskryf dus die seën as ‘n belofte, terwyl die DAV dit vertaal as ‘n gebed vir die seën. Is dit nou ‘n belofte of ‘n gebed? Wel, kyk na vers 27 se einde: Hier is dit duidelik (selfs in die DAV) dat die Here belooft om Sy volk te seën. Maar laat ek direk hiermee saam sê: dit is ‘n belofte van die Here om Sy volk te seën, maar dan moet die onreines uit die kamp wees. Hierdie seën kan net met vrymoedigheid uitgespreek word as die persone wat geseën word gelowiges is.
- Die NAV het vers 25 en 26 oënskynlik geïnterpreteer: die gedeeltes wat handel oor die Here se aangesig is vervang met “die Here sal tot julle redding verskyn”, en “die Here sal julle gebede verhoor”. Ek verstaan nie wat die regverdiging vir hierdie interpretasie is nie, en wil dus eerder hou by die OAV se bewoording.
- Die inhoud van die seën word in drie stellings gegee. Telkens beskryf die eerste deel van die stelling ‘n handeling van die Here (seën/aangesig laat skyn/aangesig verhef), en die tweede deel van die stelling beskryf die effek van hierdie handeling op die gelowige (behoed/genade/vrede)

### **Die Here sal jou seën en behoed (vs 24)**

In hierdie eerste deel van die eerste seën onderneem die Here om die individu, en dus by implikasie die volk, te seën. As die Here seën, beteken dit dat Hy neerbuig na die volk. Daar is verskeie maniere waarop die Here seën. Dink maar aan gedeeltes soos Deut 28:2-14 waar die Here onder andere onderneem om hulle lande se opbrengs te seën, die aandeel van hulle diere, hulle oesmandjie en knieskottel. Die Here sal hulle vyande voor hulle laat vlug. Lees vers 10-12: Ja, die Here sal hulle seën met oorvloed volgens ‘n eed wat die Here aan hulle belooft het, maar let veral op die feit dat die gevolg is dat die ander volke sal weet dat die Here se Naam oor hulle uitgeroep is. Die seën van die Here realiseer juis in die realisering van die beloftes van die verbond: voorspoed as ‘n groot nasie in die beloofde land wat selfs die ander volke laat besef dit is die Here aan die werk.

In die tweede deel van die eerste seën belooft die Here om die volk te behoed, d.w.s. te beskerm. Die Here gaan hulle dus nie maar net op ‘n stadium vergeet nie. Nee, Hy gaan hulle beskerm. Meeste kommentatore dink dat Ps 121 gebaseer is op hierdie seënbede. Kom ons lees die psalm. Die Here is die Beskermer van Israel. Hy slaap nooit nie. Hy beskerm hulle teen gevaar, Hy beskerm hulle lewens (vers 7). En Hy onderneem om dit te doen waar hulle ookal gaan, nou en vir altyd (vers 8). Onthou die volk is op die punt om van Sinai te vertrek deur die woestyn op pad na die beloofde land waar hulle die ander volke sal moet uitdryf – en die Here belooft aan hulle Hy gaan saam en Hy sal hulle beskerm. Die wolk en vuurkolom was sigbare simbole om die volk voortdurend te herinner aan hierdie belofte van die Here.

Dit is ook die Here se seën nou aan gelowiges. Hulle is ook op ‘n woestynpad deur hierdie sondegevalle wêreld, op pad na die ewige heerlikheid – en die Here onderneem om hulle te seën en beskerm. Hy sal ons alles gee wat nodig is om die gevare die hoof te bied, sodat ons wel op die ou end die stryd suksesvol sal voltooi. Die Verbondsgod is op pad om Sy verbondsbeloftes te vervul. Die eindresultaat is ‘n groot menigte wat Hom vir ewig op die nuwe aarde onder die nuwe hemel gaan dien. Hy onderneem om jou, as jy een van Sy kinders is, te seën en behoed tot jy daar kom. Hy is die getroue Verbondsgod.

### **Die Here sal Sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees (vs 25)**

In die eerste gedeelte onderneem die Here dat Hy Sy aangesig sal laat skyn oor elke lid van die volk. As ons hier lees dat die Here sy aangesig sal laat skyn, dink ons aan Eks 34:28 ev. Daar lees ons in vers 29 dat Moses se gesig begin blink het wanneer die Here met hom gepraat het. Die feit dat sy gesig begin blink het deur bloot in die teenwoordigheid van die Here te wees, sê iets van hoe heerlik die Here is, en watter glans van die Here af uitgaan.

Maar onthou ook: In Eks 33:19-23 vra Moses dat die Here aan hom Sy heerlikheid sal wys. Die Here antwoord dit is nie moontlik nie. Lees vers 20 in OAV. Die rede is dat geen mens die Here se aangesig kan sien en bly lewe nie. Hoekom nie? Omdat die Here absoluut heilig is – en alle mense sondig is, insluitend Moses, en ook elke lid van die volk, en ook elke gelowige! Verstaan jy hoe onverwags dit is dat die Here hier in Num 6 belooft dat Hy Sy aangesig oor elke lid van die volk gaan laat skyn? Die heerlike heiligheid van die Here straal van Hom uit. Dit laat Moses se gesig blink as hy net in Sy teenwoordigheid kom. Maar selfs hy mog nie die Here se aangesig sien nie! En tog belooft die Here nou Hy gaan Sy aangesig oor elke lid van die volk laat skyn! Lees Eks 33:19. Die Here sê vir Moses Hy sal genadig wees oor wie Hy genadig wil wees. En dan laat die Here Moses genadiglik toe om iets van Sy heerlikheid te sien! Lees nou die tweede gedeelte van hierdie tweede seën: Die Here sal Sy aangesig oor jou laat skyn, en jou genadig wees! Hier is die aangrypende van die seën: Die Here het besluit om genade te betoon aan elke lid van die volk, daarom kan Hy Sy aangesig oor elkeen laat skyn!

Lees 2 Kor 4:4-6. In vers 4 lees ons ongelowiges se verstand is verblind deur die god van hierdie wêreld, en gevolglik kan hulle nie die lig van die evangelie sien nie. Vers 6 sê daarteenoor God het in die harte van gelowiges 'n lig laat skyn wat ons verlig sodat ons die evangelie wel kan verstaan. En die inhoud van die evangelie is die heerlikheid van Christus en van God self (verse 4 en 6).

Die punt is dit: As die Here sy aangesig oor 'n mens laat skyn, wys dit Sy heilige heerlikheid, maar ook die sondigheid van die mens. Dit beteken die sondige mens sal sterf in die lig van die heerlikheid van die Here. Maar die Here kan besluit om genade te betoon as Hy Sy aangesig oor die mens laat skyn. En die effek van daardie genade is dat daardie mens, wanneer daardie lig op hom skyn, sien hy die Here se heerlikheid raak soos wat dit van Jesus uitstraal. Daardie mens sien dus dat Jesus geregtigheid bewerk het, en deur Sy geregtigheid word daardie mens se ongeregtigheid aangespreek, en kan hy selfs die Here se heerlikheid sien! En dit is wat die Here hier belooft aan elke lid van die volk! Dit is wat die Here belooft aan elke gelowige: Deur genade wat die Here gee, deur die werk van Sy Seun, kan hulle deur die evangelie die Here se heerlikheid nou al sien (al is dit maar gebrekkig), en hulle kan verwag om dit eventueel in volheid te sien! Want die Here is hom genadig!

### **Die Here sal Sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee (vs 26)**

In die eerste gedeelte van hierdie derde seën belooft die Here Hy sal Sy aangesig oor elke lid van die volk verhef. Die ESV vertaal dit met: "The Lord lift up his countenance upon you...". Kommentatore sê dat die Hebraëuse uitdrukking dat die Here Sy aangesig oor jou verhef, of oplig soos die ESV dit vertaal, beteken dat die Here Sy aangesig na jou toe draai – en meer spesifiek, dat Hy Sy aangesig na jou toe draai met genoegdoening, met goedkeuring! Sommige teoloë beskryf dit deur te sê dit beteken die Here glimlag vir jou. In die tweede seën waar die Here Sy aangesig oor jou laat skyn, is daar iets vreesaanjaend: as dit nie vir die Here se genade is nie, sou dit jou einde kon beteken. Maar hier, in die derde seën, kyk die Here met goedkeuring en genoegdoening na die individu. Die rede vir die goedkeurende kyk van die Here, lê natuurlik in die werk van Sy Seun vir daardie individu – die Here verlustig Hom in wat Hy sien.

In die tweede gedeelte van hierdie derde seën, beloof die Here dat Hy aan die persoon vrede sal gee. Om te kan verstaan van watter vrede die Here hier praat, moet ons na die Nuwe Testament toe gaan:

- Joh 14:27 – Hier beloof Jesus aan Sy dissipels dat noudat Hy weggaan, gaan Hy vir hulle vrede nalaat. Maar die vrede waarvan Hy praat is ‘n spesiale vrede – dit is nie die soort vrede wat die wêreld gee nie. Watter soort vrede is dit dan wel?
- Rom 5:1 – Hier beskryf Paulus dat een van die vrugte van vryspraak, oftewel regverdigmaking deur geloof in Jesus Christus, is vrede met God. Dit is ‘n ander soort vrede as wat die wêreld bied – siende dat die wêreld in vyandskap met God staan.
- Ef 2:17-22 – In vers 17-18 beskryf Paulus dat gelowiges, Jode en nie-Jode, deur die evangelie van vrede wat Jesus bewerk het, nou vrye toegang tot God het. Die vrede is dus vrye toegang tot God. Maar let nou op wat dit beteken volgens verse 19-22: Hulle word lede van God se huisgesin. Dit beteken hulle is die gebou van God waarin God self woon – Jesus is die hoeksteen, die apostels en profete is die fondament, en die gelowiges is die gebou waarin God woon.

Onthou nou wie word geseën in Num 6: die volk, wat rein is – maar hulle is nog nie volmaak heilig nie. Daar is afstand tussen hulle en die tabernakel – net die Leviete en die priesters mag die diens in die tabernakel verrig. Maar wat die Here hier beloof is: omdat Hy hulle seën en beskerm, omdat Hy hulle genadig is en Sy aangesig oor hulle laat skyn wat hulle die evangelie en ook Sy heerlikheid laat raaksien, daarom kyk Hy na hulle met goedkeuring, en sal Hy hulle deur Sy Heilige Gees lei tot hulle by volmaakte heiligheid kom – en hulle die geestelike huis is waarin Hy woon! Dit is die vrede wat Hy hulle beloof! G’n wonder dat die fokus in Numeri na die gee van hierdie seën, verskuif na die tabernakel, en daarna na die trek na die beloofde land nie. Dit is waar hierdie seën sy volheid gaan bereik.

Ek hoop jy sien hoe die Here hier genade en vrede beloof. Kan ek jou herinner dat die volgende Nuwe Testamentiese boeke begin almal met “Genade en vrede vir julle”: Romeine, 1 en 2 Korintiërs, Galasiërs, Efesiërs, Fillipense, Kolossense, 1 en 2 Tessalonisense, 1 en 2 Timoteus, Titus, Filemon, 1 en 2 Petrus, 2 Johannes, Judas en Openbaring!

### **So moet die priesters my Naam op die kinders van Israel lê (vers 27)**

Vers 27 sluit af met die stelling dat deur die uitspraak van hierdie seën deur die priesters oor die volk, lê hulle die Here se Naam op die kinders van Israel (OAV). Dit is deur hierdie seën dat die Verbondsgod deur die priesters op die lede van Sy verbondsvolk Sy Naam skryf! Immers, Hy seën hulle en beskerm hulle, Hy laat Sy aangesig oor hulle skyn en is hulle genadig, Hy verhef Sy aangesig oor hulle en gee hulle vrede. In die proses skryf Hy dan ook Sy Naam op hulle.

Kan ek jou herinner aan Op 3:12 waar Jesus belowe dat op elkeen wat die oorwinning behaal, sal Hy Sy Vader se Naam, Sy eie nuwe Naam en die Naam van die Nuwe Jerusalem skryf. Die Here het al in Num 6 onderneem om dit te doen!

### Afsluiting

Hierdie is ‘n heerlike seën, met ryk beloftes. Die Here gee die seën. Hy gee dit aan individue, en ook aan die gemeenskap van gelowiges. Hy gee dit aan gelowiges wat nog op pad is na die ewige heerlikheid. Hy wil hulle hierdeur aanspoor en bemoedig – Hy beloof Sy beskerming, Sy genade en uiteindelik Sy vrede!

Maar let ook op: die volk moes eers die onreines uit die kamp verwyder. Hierdie seën is net vir gelowiges. Dit is nie vir ongelowiges nie. Ja, die gelowiges is nog onvolmaak – maar dit is juis hoekom Hy hulle seën, sodat hulle deur Sy beskerming en genade die woestyntog kan aanpak en in vrede met Hom in die beloofde land sal eindig!